Skietberaad 2020 - notas
31 Januarie en 1 Februarie 2020 te Inyathi Park

1) Lokaliteit van nasionale skietkompetisies aanbieding deur André van der Merwe

1.1) Aanbieding vir kennisname met stawende dokumente t.o.v. deelname aan skietaktiwiteite op tak-, streek en nasionale vlak en die rede waarom die nasionale President- en Intertak Spanskietkompetisie by Vrystaat Sandveld aangebied word.

1.2) 'n Versoek word gerig om die nasionale Haelgeweerskiet ook sentraal in bv. Bloemfontein aan te bied. Daar word kennis geneem van die versoek.

2) Baanoffisiere by Nasionale skietkompetisies & die hantering van Dispute - aanbieding deur Nic Roets

2.1) Terugvoer/vrae:

2.1.1) Wie moet die Voorsitter wees van die Dispuut Komitee? Dis onmoontlik op die klein takke om 'n onafhanklike persoon te kry om die Voorsitter te wees. *Nic se terugvoer: Hierdie is vir die ideale, perfekte omstandighede, maar takke moet na die beste van hulle vermoë optree. Die takke moet in ag neem hierdie is 'n konsep dokument.*

2.1.2) Die Voorsitter moet 'n onafhanklike persoon wees wat nie self aan die kompetisie deelneem nie of persoonlike belang daarby het nie, wat beteken dit? *Nic se terugvoer by wyse van 'n voorbeeld: In geval daar drie ouens op hierdie komitee is en ek persoonlik is deel van die komitee, my seun neem aan die Protea span deel en ek is die "Match director" van die Wêreldkampioenskappe. Dan het ek onmiddellike persoonlike belange. Sou daar enige insident plaasvind waar my naam gekoppel aan 'n dispuut verskyn, het ek 'n obligasie om te onttrek en daar rondom kan 'n prosedure geskep word.*

2.1.3) Alle dispute moet binne 30-minute aan die dispuut komitee deurgegee word, dis nie altyd moontlik nie. *Nic se terugvoer: Die gedagte is net dat daar 'n periode hieraan gekoppel moet word. Daar moet 'n doelbewuste afsnypunt wees. Direk na die laaste aflosse, word die tellings gedoen en as 30-minute nie lank genoeg is nie, keer niks ons om dit 'n uur te maak nie. Die proses moet net nie onbeperk voortduur nie. Die bewoording kan vervang word met so gou as moontlik.*

2.1.4) Is daar 'n koste vir 'n dispuut? Van die kompetisies vra tot 'n R1000 vir 'n dispuut. *Nic se terugvoer: Ek dink nie ons moet koste hieraan koppel nie.*

2.1.5) Hierdie hele prosedure is om vir 'n skut 'n dispuut aan te teken. As 'n baanoffisier 'n dispuut het, gaan ons hierdie selfde dokument gebruik en wat is daardie prosedure? *Nic se terugvoer: Dit is doelbewus dieselfde prosedure.*

2.1.6) Die dokumentasie vir bogenoemde sal finaliseer word en so spoedig moontlik bekendgemaak word

3) Uitnodiging na President- en Spanskiet finaal - Aanbieding deur André van Heerden

3.1) Hou opsies voor aan die vergadering:

Opsie 1: Huidige stelsel – beste telling (net een) behaal by 'n streekskiet in die betrokke jaar.
Opsie 2: Die gemiddeld van die twee hoogste tellings behaal by streekskiete in die betrokke jaar.
Opsie 3: Die gemiddeld van die drie hoogste tellings behaal by streekskiete in die betrokke jaar.

3.2) Uitslag: agt tafels stem vir opsie 1 en drie tafels stem vir opsie 2

3.3) Resultaat: Die huidige stelsel (opsie 1) word behou en die beste telling (net een) behaal by 'n streekskiet in die betrokke jaar word gebruik vir die uitnodiging na die nasionale Presidentskiet en Intertak Spanskiet.

4) Universele Reëls - Aanbieding deur André van Heerden

4.1.1) Gebruik van geweerbelde – wil nie noodwendig verander nie maar wil die gevoel toets.

Opsie 1: Bestaande Universele Reël item 3.5: Geweerbande mag gebruik word vir ondersteuning en moet op twee plekke aan die geweer bevestig wees - een hegting voor en een agter die snellerbeuel op die geweerkolf so geposisioneer dat die geweer met behulp van die geweerband op die tradisionele wyse oor die skouer gedra kan word. Die enigste uitsondering is die Swaarkaliber skietoefening waar die gebruik van 'n geweerband nie toegelaat word nie.

Opsie 2: Verander na: Geweerbande – mag gebruik word vir die ondersteuning en moet op twee plekke aan die geweer bevestig wees – een hegting voor en een agter die snellerbeuel op die geweerkolf so geposisioneer dat die geweer met behulp van die geweerband op die tradisionele wyse oor die skouer gedra kan word. Die geweerband mag net rondom een arm en/of gewrig gebruik word maar mag nie rondom enige ander deel van die skut lyf gebruik word nie en mag dus nie oor byvoorbeeld die skouer/rug gestut word of op die grond vasgetrap word nie. 'n Geweerband mag altyd gebruik word behalwe waar dit in 'n spesifieke skietoefening nie toegelaat word nie soos bv. die swaarkaliber skietoefening.
Uitslag: Sewe tafels stem vir opsie 2 en vier tafels stem vir opsie 1
Resultaat: Opsie 2 word aanvaar

4.1.2) Sneller gewig - vir kennisname

4.1.2.1) Universele Reël item 11**: "Hantering van 'n ondiensbare vuurwapen" in die Universele Reëls (Jan 2019) word uitgebrei en 'n nuwe item bygevoeg: Snellerdruk –** daar is geen beperking op snellerdruk nie, maar dit is die skut se verantwoordelikheid om te verseker dat die snellerdruk op sy vuurwapen veilig is. Nalatige, voortydige (vroeë) en laat afvuur van 'n skoot word hanteer in item 15.4

4.1.2.2) Nuwe Universele Reël item 15.4**: Nalatige, voortydige (vroeë) en laat afvuur van 'n skoot en optrede teen skuts.** Die definisies word bespreek en na aanleiding van die terugvoer word sekere punte gewysig.

4.1.3) Sitposisie - Daar word twee opsies voorgestel :

4.1.3.1) Opsie 1: die sitposisie soos in die huidige universele Reëls (Jan 2019)

4.1.3.2) Opsie 2: NRA definition of sitting position: Weight of the body supported on buttocks. No part of the body above the buttocks to touch the ground, or any other object. Legs may be apart or crossed and may be in front of the front edge of the firing point. The firearm may be held in any convenient way, provided the butt is in the shoulder or armpit or against the biceps muscle.

Uitslag: Sewe tafels stem vir opsie twee en 4 tafels stem vir opsie 2 met voorwaardes. Na 'n tweede stem poging word opsie 2 met geen beperkings aanvaar soos in item 4.1.3.2 uiteengesit.

4.1.4) Knielposisie – die volgende opsies word voorgestel:

4.1.4.1) Opsie 1: die knielposisie volgens die huidige Universele Reëls (Jan 2019)

4.1.4.2) Opsie 2: die knielposisie volgens die Universele Reëls (Mei 2016)

4.1.4.3) Opsie 3: NRA definition of kneeling position: No part of the body to touch the ground or any other object except one foot and the other leg from the knee downwards. The forward elbow may rest on the knee.

Uitslag: Die meerderheid stem vir Opsie 3 op voorwaarde dat daar op 2 knieë gestaan kan word.

New definition for the kneeling position: No part of the body to touch the ground or any other object except one foot and the other leg from the knee downwards. The forward elbow may rest on the knee. A shottist may have both knees on the ground as shown in the alternative, but may not sit down on his feet.

4.1.5 Skietstokke – vir kennisname**:**
Indien meer as een stel skietstokke gebruik word vir verskillende hoogtes tydens 'n skietkompetisie waar skietstokke geweeg word, moet elke stel geweeg word.

4.1.6 Trompremme – vir kennisname
Verskeie versoeke is ontvang om die verbod op trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies te heroorweeg. Die Skietkomitee besluit dat die bestaande beperking i.v.m. trompremme en knaldemper / tromprem kombinasie onveranderd bly by streek en nasionale skietkompetisies.

Die enigste uitsondering is die volgende: Op takskietdae en met pretskietkompetisies kan die Takbestuur in hulle oordeel besluit om trompremme en tromprem/knaldemper kombinasies toe te laat (die tak se besluit/beleid in die verband sal geld) op voorwaarde dat dit so gereël word dat daar 'n minimum van 5 m tussen skuts toegelaat word en dat verseker word dat die skuts wat langs 'n tromprem en tromprem/knaldemper kombinasie skiet geensins benadeel en/of verontrief nie, wat klank, "muzzleblast", stof ens betref.

4.1.7 Uittel proses - Die volgende opsies word voorgestel:

4.1.7.1) Opsie 1: die uittel proses volgens die huidige Universele Reëls (Jan 2019)

4.1.7.2) Opsie 2: die uittel proses volgens die Universele Reëls (Mei 2016)

4.1.7.3) Uitslag: ses tafels stem vir opsie 1 en
4.1.7.4) Wat die metode betref wanneer daar te veel skote op die teiken is stem drie tafels vir opsie 2, een tafel stem vir opsie 3 en een tafel stem vir opsie 4
4.1.7.5) Finale uitslag, meerderheid verkies opsie 1 maar die -10 telling penalisering moet weggelaat word.

4.1.8 Implementering van die wysigings op die Universele Reëls word met die vergadering bespreek en daar word besluit om dit te implementeer in 'n nuwe amptelike weergawe van die Universele Reëls wat teen 1 Maart 2020 bekendgemaak sal word.

4a) "Super" Presidentskiet - Voorstel deur Kobus Maree aangebied deur André van Heerden:

Proses en Kriteria – Ranglys word opgestel met skuts wat nasionale platinum by die vorige jaar se Presidentskiet verwerf het, Top 50 op bg. Ranglys word genooi na die nasionale Presidentskiet om as 'n laaste/4de aflossing deel te neem en die bestaande vlakte en bosveld skietoefening se skietposisies word aangepas om die moeilikheidsgraad te verhoog.
Uitslag: By wyse van stemming voel die meerderheid dat daar eers gewag moet word voor daar aan so 'n kompetisie gedink word.

"Celox" demonstrasie

Saterdag 01/02/20

5. Skietdissiplines: Wat pas waar?

5.1) **Jaggebaseerde skietoefeninge** – aanbieding deur André van der Merwe
5.1.1) Takvlak - alle standaard jaggebaseerde skietoefening wat op diereteikens geskiet word.
5.1.2) Streekvlak – Presidentskiet-, Intertak Spanskiet- en die Intertak Uitdaag Spanskietkompetisies
5.1.3) Nasionale vlak – President- en Intertak Spanskiet kompetisies
5.1.4) Versoek vir 4-man spanne by die Intertak Spanskiet i.p.v. 5-man per span. Hierdie item is nie op die sakelys nie en daar word net 'n meningsopname gemaak – 64 persone stem vir 4-man spanne en 20 persone stem vir 5-man spanne.

5.2) **Haelgeweer skietoefeninge** – aanbieding deur Boetie Kirchner
5.2.1) Takvlak - die Fisant-, Kransduif-, Eend-, Tarentaal- en Kompak/Sporting skietoefeninge oefeninge word op takvlak tydens normale takskietdae aangebied.
5.2.2) Streek- en nasionale vlak - anders as by intertakjaggeweerskietkompetisies verwys die konsep "intertak"

by haelgewere na haelgeweerskietgeleenthede eerder as na kompetisie tussen verskillende takke en dit sluit streekskiete in.
5.2.3) Vraag na aanleiding van die aanbieding: Hoe werk die "scoring" by die streekskiet? Twee bane van 25 of dan vyf bane van 10 kleie. Antwoord: Werk op 'n totaal van 50 kleie en verwerk die telling as 'n persentasie.
5.2.4) Gerhan Archer rig 'n versoek dat die haelgeweer kompetisie ook sentraal gehou word.

5.3) **Junior skietoefeninge** – aanbieding deur Nic Roets van skietoefeninge wat op tak-, streek- en nasionale vlak aangebied kan word.

5.4) **Sportskietoefeninge** - Nic Roets doen 'n aanbieding van skietoefeninge wat op tak-, streek-, nasionale- en internasionale vlak aangebied kan word.

5.4.1) Vraag na die aanbieding: Wanneer gaan die proewe vir 2020 plaasvind? Kommunikasie is nie baie goed nie. Hoe gaan die sisteem werk? *Ten opsigte van die proewe, daar gaan nie proewe wees nie, want daar is nie hierdie jaar internasionale deelname nie. Ten opsigte van die eerste been van die proewe, is dit normale praktyk en die nasionale kampioenskappe kan dien as die eerste been van volgende jaar se proewe. Dit sal nog gekommunikeer word. Wat betref die registrasie, in die verlede was ons onder druk om vroeër te registreer a.g.v. wêreldkampioenskappe. Normale praktyk gaan nou wees dat registrasie kan plaasvind vanaf Januarie tot einde Maart.*

6) Uitdaagreeks – uitbreiding na nasionale vlak - aanbieding deur André van der Merwe i.v.m. huidige verspreiding van deelname in takke en streke asook huidige reëls.

6.1) Versoek om uit te brei na 'n nasionale skietkompetisie – voorstel vir ontwikkeling word soos volg gemaak:
6.1.1) aankondiging jaarliks van die eerste 3 spanne op die SA Jagters webwerf en nuusbrief;
6.1.2) jaarlikse versoek aan takke en streke om die UITDAAG Spanskiet te ontwikkel en aan te bied;
6.1.3) wanneer ten minste 8 van die 15 streke die kompetisie jaarliks aanbied, word 'n nasionale skietkompetisie geskep

6.1.4) 'n Versoek om te verander na 4-man spanne i.p.v. 5-man spanne word bespreek en 10 tafels stem vir 4-man spanne en een tafel stem vir 5-man spanne. Die verandering na 4-man spanne sal vanaf 2021 implementeer word.

6.1.5) Stellaland versoek 'n trofee op takvlak vir die uitdaagskiet? Die Skietkomitee sal dit ondersoek.

6.1.6) Medaljes vir die Top 3 spanne wat vanaf 2020 op takvlak uitgedeel kan word. Die Skietkomitee sal dit ondersoek.

7) Huidige Nasionale kompetisies, trofees, medaljes ens.

7.1) **President- en Intertak Spanskietkompetisie** – aanbieding deur Andre van der Merwe i.v.m. afdelings, medaljes, sertifikate, lapwapens, wisseltrofees en uitnodiging na kongresdinee;
7.1.1) 'n Versoek dat die nasionale medaljes anders lyk as die gewone medaljes – groter en mooier.

7.2) **Haelgeweer skietkompetisie** – aanbieding deur Boetie Kirchner i.v.m. afdelings, medaljes, sertifikate, lapwapens, wisseltrofees en uitnodiging na kongresdinee;
7.2.1) Versoek om 4-man spanne te oorweeg en 'n balkie vir 'n voltal / "straight".

7.3) **Junior skietkompetisies** – aanbieding deur Nic Roets i.v.m.afdelings, medaljes, sertifikate, lapwapens, wisseltrofees en uitnodiging na kongresdinee;
7.3.1) 'n Versoek dat die streek medaljes vir die junior skietkompetisies so spoedig moontlik beskikbaar gemaak moet word
7.4) **Sportskietkompetisie** – aanbieding deur Nic Roets i.v.m.afdelings, medaljes, sertifikate, lapwapens, wisseltrofees en uitnodiging na kongresdinee;
7.4.1) 'n Versoek dat die streek medaljes vir die sport skietkompetisies so spoedig moontlik beskikbaar gemaak

moet word

7.5) **MDS dissipline** – aanbieding deur Nic Roets i.v.m.afdelings, medaljes, sertifikate, lapwapens, wisseltrofees en uitnodiging na kongresdinee;

8) MDS dissipline – aanbieding deur Joggie Swanepoel i.v.m. die huidige formaat en die nuwe voorgestelde formaat in terme van klasse, afdelings, dames en juniors, gradering, uitnodiging na die nasionale kampioenskappe en formaat van die nasionale kampioenskappe

8.1) 'n Versoek dat meer inligting beskikbaar gestel moet word en daar word gevra of graderings jaarliks geskiet moet word? Joggie antwoord dat d*aar nog aan die formaat gewerk word, maar skuts kan jaarliks slegs een trappie op- of afskuif. Daar gaan na die streekskompetisies gekyk word en skuts word daarvolgens genooi na die nasionale kompetisies toe.*

8.2) Daar is baie klasse wat beteken dat baie medaljes bestel moet word vir 'n kompetisie. Daar word versoek dat oorblywende medaljes terug gestuur kan word na Inyathipark vir krediet. Dit sal oorweeg word deur die Skietkomitee.

8.3) Daar word gevra of takke nie die opleiding vir MDS Baanoffisiere kan aanbied nie. Joggie antwoord dat opleiding op streekvlak gedoen word en dat daar reeds in sekere streke opleiers vir die doel in plek is.

9) Provinsiale kleure – aanbieding deur André van Heerden t.o.v. die SASSCO struktuur om provinsiale kleure te bekom en hy verduidelik die alternatief t.o.v. 'n voorgestelde SAJWV struktuur vir streek kleure.

Na 'n bespreking stem die 11 tafels eenparig vir die voorgestelde SAJWV struktuur vir streek kleure

10) Platinum skietbaadjies – aanbieding deur André van Heerden t.o.v. die bestaande groen sportbaadjie en die twee nuwe skietbaan baadjies – een met lang moue en 'n onderbaadjie tipe. Die voorbeelde, finale koste, proses vir bestelling en beleid vir gebruik sal binnekort gefinaliseer en beskikbaar gemaak word.